

20 Januarie

Jakobus 3:1-12

Stadig met wat jy sê

Dit wat in my hart lewe, kry vorm deur my woorde en optrede. Jakobus beklemtoon die werking van die klein deeltjie in jou liggaam, naamlik die tong wat geweldige gevolge vir die res van die liggaam inhou. Ons word gewaarsku: Pasop vir wat jy sê! Aan die hand van 'n aantal beelde word die saak aan ons verduidelik. Net soos die stang, die roer en die vlammetjie, is die tong van die mens. Dit is seker die enigste werktuig wat deur die gebruik nie stomper word nie, maar eintlik net skerper en skerper. Met weinig inspanning en insette kan groot skade aangerig word tuis, by die werk; ja oral!

Die aandag word gevestig op die werking van die grootste brandstigter ooit, naamlik die Satan. Dink maar net aan die goedgemikte vonkie in die paradys wat die mens se lewe eintlik in vlamme laat uitbars het. Jakobus sê dat die vuur uit die hel aan die brand gestee word.

Baie maal wil ek as't ware my tong afbyt oor dit wat ek kwytingeraak het, terwyl ek soveel mooi en goeie dinge het waarvoor ek kon praat. Elke dag moet ek die waarheid liefhê en praat, maar ook die goeie naam van my naaste bevorder en verdedig. My tong is dus geen vuurwapen om mense mee by te kom en af te breek nie.

Hoe kan die tong dan ooit goedsprek as hierdie teks sulke dinge oor die tong sê? Dit kan, slegs as die Heilige Gees ons tong meer en meer diensbaar maak aan God. Slegs deur die inwerking van die Heilige Gees kan ek dit doen wat God van my eis. Ja, my bekwaamheid om ook my tong te beheer, is uit God.

Sing: Psalm 141:3,4
(Meyerton)

Ds. F.P. Kruger